

# Gegronde kennis lei tot beter boerdery

As deel van Laevel Agrochem se Decision Farming™-aanbieding



**Grond is gelykstaande aan lewe; as die grond gesond is, kan die mens, dier en plant gesond wees. Ongelukkig, vat dit honderde jare vir een 1 cm grond om te vorm en is dit noodsaaklik dat hierdie kosbare kommoditeit behoorlik bestuur, bewerk en opgepas word.**

Min mense verstaan die gevolge wat 'n tekort aan gesonde grond kan hê. Grond vorm nie net die basis vir die wêreld se voedselproduksiebedryf nie, maar saam met water en lug help grond om 'n gesonde, natuurlike omgewing in stand te hou. Dit het 'n kern rol in die voorsiening van genoegsame water-voorraad, verskaf die grondslag vir menslike infrastruktuur en dien as medium om plante se wortels te huisves vir optimale groei.

Volgens statistiese voorspellings (FAO) sal daar wêreldwyd 60% meer voedsel voorsien moet word teen 2050. Volhoubare grondbestuur kan gelukkig assisteer om heelwat meer voedsel te verbou. Dus is grondklassifikasie nie meer net 'n hulpmiddel nie, maar essensieel vir die toekoms.

## Wortel van die kwaad

Dit is nie toevallig dat die idioom "om by die wortel van die kwaad uit te kom" beteken om 'n begrip te kry van 'n probleem se oorsaak nie. Grond bly egter 'n ingewikkelde natuurlike hulpbron – meer as lug en water – omdat dit verskillende chemiese elemente in soliede, vloeistof- en gasagtige vorme bevat.

Grondklassifikasie word gedefinieer as "die sistematiese klassifikasie van grond in 'n hiërargie van klasse" volgens die Grondkundevereniging van Suid-Afrika. Dit is 'n ingewikkelde wetenskap omdat daar eindelose samestellings in verskillende grondsoorte is. Die resultaat is 'n grondklassifikasiesetel wat ontwerp is om die verhoudings tussen grondvorme te beskryf. Breë groeiperings word volgens algemene kenmerke gemaak en verdere klassifikasies is gegrond op meer gedetailleerde kenmerke.

Deur grondklassifikasie toe te pas voor gewasse geplant word, kan boere meer ingeligte besluite neem.





## Verstaan gespesialiseerde grondklassifikasie:

- **Grondpotensiaal.** Die potensiaal van die grond vir die verbouing van spesifieke gewasse inaggenome die gebied, besproeiing, langtermyn gemiddelde reënval en die kultivar-onderstam of -stok in die geval van meerjarige gewasse.
- **Plantbeskikbare waterkapasiteit.** Hierdie bepaal die hoeveelheid millimeter water wat beskikbaar is vir die plant tussen veldwaterkapasiteit en die permanente verwelkingspunt per effektiewe worteldiepte.
- **Bewerkingsdiepte en -metode.** Hierdie bepaal die ideale diepte en metode van bewerking vir 'n spesifieke gewas in 'n spesifieke grondsoort.
- **Grondbeperkende lae.** Help om beperkings te identifiseer, soos onder meer natheid, klippersentasie, karbonaat- en verdigtingslae. Die verskillende beperkinge kan elkeen die plant se wortelontwikkeling beïnvloed, wat weer op sy beurt die plant en sy opbrengs sal beïnvloed.

- **Risikobestuur.** Met al die verskillende aspekte van grondklassifikasie, is dit maklik om te sien hoe dit 'n impak kan hê op risikobestuur. Veral droëlandboere moet konstant besluite neem oor verskillende aspekte soos plantdigtheid en bemesting teenoor die waterhouvermoë en potensiaal van die grondsoort. Hierdie besluite het 'n groot invloed op die winsgewendheid en volhoubaarheid van die produsent. Met die voorbeelde wat genoem is, is dit duidelik om te sien waarom grondklassifikasie die eerste stap in gewasproduksie behoort te wees. Wanneer 'n boer 'n duidelike prentjie het van die soort grond waarmee hy werk, kan hy die mees ingeligte besluite neem oor gewastipes, kultivars, onderstamme, onderstokke, plantdigtheid, besproeiingsuitleg, besproeiingskedulering, grondvogmetingsposisies, dreinerings- en bemesting.

Dit kan dus vir baie jare 'n gunstige uitwerking op die hele boerdery tot gevolg hê.

Die dienste wat Agri Technovation aan Laeveld Agrochem bied, sluit in grondklassifikasie, grondvoedingstatus, weerdata en blaar-, grond- en waterontledings.

Dit bied 'n duidelike begrip van wat vandag op jou plaas se lande, blokke en boorde aangaan en jy word met die raad van Agri Technovation landboukundiges gewys hoe om daardie kennis toe te pas sodat jy môre die beste opbrengste uit jou grond kan kry op 'n volhoubare manier.

Presisieboerdery is nie 'n vreemde konsep in landboukringe nie en die resultate is vanself-

sprekend. Koste-effektiewe aanwending van produksiemiddele lei tot beter opbrengste.

Dit is nie die moeite werd om die raai-raai spelletjie te speel wanneer dit by grond kom nie, want grond is die fondament van die plaas en sy produkte. Boerdery gaan oor besluite.

**Neem die regte besluit op die regte tyd op die regte plek.**

**Vir advies en meer  
inligting kontak jou  
Laeveld Agrochem-agent.**